



# RPO WES-KAAP

## RPO WESTERN CAPE

Posbus 227, Paarl, 7620 / Markstraat 11, Paarl, 7646  
P O Box 227, Paarl, 7620 / 11 Market Street, Paarl, 7646  
Tel/Ph: (021) 860-3800 / Faks/Fax: (021) 872-3388

## RPO WES-KAAP NUUSBRIEF

### AUGUSTUS 2020

**AAN: ALLE LEDE VAN DIE RPOWK  
SEKRETARIS VAN LANDBOUVERENIGINGS/DLV'S  
NWKV SEKRETARIAAT  
INVORDERAARS VAN VRYWILLIGE BYDRAES**

Geagte Lid

Die RPOWK Bestuur rapporteer graag oor die Roovleisbedryf in die Wes-Kaap.

---

---

### DROOGTEHULP

---

---



Agri Wes-Kaap gaan voort om die proses van droogtehelpverlening aan die veebedryf asook langtermyn gewasse te koördineer.

U word weer gevra om die Agri Wes-Kaap kantoor te kontak indien u enige voer of ander bestanddele vir skenkings beskikbaar het. Kontak asseblief vir Ilana De Klerk by 021 860 3800 of [ilana@awk.co.za](mailto:ilana@awk.co.za).

Diegene wat tot nou 'n bydrae gemaak het, word hartlik bedank daarvoor.

---


---

## COVID-19

---

---

# Coronavirus (COVID-19)



Agri SA, Agri Wes-Kaap en die RPO gaan onverpoosd voort om alles in plek te stel en te hou sodat landbou en die rooivleisbedryf kan aanhou om te produseer te midde die huidige pandemie. Regulasies en wysigings word gereeld aan lede gekommunikeer. Die RPOWK bedank lede wat die nodige maatreëls in plek stel om hul eie, en hul werknemers, se veiligheid te verseker.

Alhoewel fisiese vergaderings nie tans kan plaasvind nie, gaan die RPOWK voort met sy werksaamhede deur middel van virtuele vergaderings. Lede kan verseker wees dat die RPO ten volle operasioneel is, en alles moontlik gedoen word om die waardeketting so na as moontlik aan normaal te laat funksioneer. Lewendehawe veilings kan aangaan gegewe dat die voorgeskrewe maatreëls in plek is.

Werksverliese en verbruikers met minder besteebare inkomste gaan waarskynlik 'n groot impak op verbruikerskeuses in die kleinhandel hê. Dit is onseker hoe verbruikerspatrone ná die opheffing van die inperking gaan wees. Dit plaas die oorlewingsvermoë van die produsent onder verdere druk. Verbruikersopvoedingprogramme vir bees- en skaapvleis gaan voort en die RPO skakel met internasionale vleisorganisasies om die programme aan te pas by die huidige omstandighede

---

---

## RPOWK ALGEMENE JAARVERGADERING 2020

---

---



Die RPO Wes-Kaap Jaarvergadering van 2020 moes weens die buitengewone omstandighede gekanselleer word en sal eers in Mei 2021 buite Paarl plaasvind.

Die RPOWK bedank graag borge wat die organisasie ondersteun, veral Voermol wat as nasionale borg optree.

Die Bestuur bedank ook elke lid wat vrywillige bydraes gemaak het, asook die agente en abattoirs wat die bydraes ingevorder en oorbetaal het, naamlik;

- |                       |                        |
|-----------------------|------------------------|
| 🐾 Andre Kallis        | 🐾 Osdam Trading        |
| 🐾 BKB                 | 🐾 Nanini Hartman       |
| 🐾 GWK                 | 🐾 OVK / CMW            |
| 🐾 Bredasdorp Slagpale | 🐾 Roelcor Malmesbury   |
| 🐾 Hessequa Abattoir   | 🐾 Roux Lewendehawe     |
| 🐾 Karoo Vleisboere    | 🐾 Wes-Kaap Lewendehawe |

Daar is besluit dat daar met die invordering van die vrywillige bydraes, van 0,15% bereken op bruto transaksie waarde van diere gelewer, voortgegaan word. Dit word vir die RPOWK organisatoriese werksaamhede gebruik asook om 'n bydrae aan die RPO Nasionaal te maak vir hulle organisatoriese werksaamhede.

Daar is by gebrek aan 'n Jaarvergadering en amptelike verkiesing, besluit dat die huidige RPOWK Bestuur vir die volgende termyn sal aanbly, naamlik:

<b>Streek 1:</b> Theunis (TJ) van Eeden, Posbus 148, Bitterfontein, 7200 <a href="mailto:vaneedentheunis@gmail.com">vaneedentheunis@gmail.com</a> of <a href="mailto:kameel@kingsleymail.co.za">kameel@kingsleymail.co.za</a>	082 886 7770 083 377 9916
<b>Streek 4:</b> John (JW) Dürr, Toscastraat 16, Malmesbury, 7300 <a href="mailto:durrfam@mweb.co.za">durrfam@mweb.co.za</a>	022 482 1715 082 652 1715
<b>Streek 5:</b> Andre Groenewald, Haelkraal, Posbus 93 Riviersonderend, 7250 <a href="mailto:an.groenewald@hotmail.co.za">an.groenewald@hotmail.co.za</a>	083 450 5301
<b>Streek 6:</b> Gert (GA) Aggenbach, Posbus 36, Bredasdorp, 7280 <a href="mailto:gertandries@gmail.com">gertandries@gmail.com</a>	076 909 0073
<b>Streek 7:</b> Hano Dreyer, Posbus 82, Donkerbos, Koue Bokkeveld, 6836 <a href="mailto:hano.dreyer@gmail.com">hano.dreyer@gmail.com</a>	082 870 9911
<b>Streek 8:</b> Nico de K Uys, Posbus 61, Heidelberg, 6665 <a href="mailto:nu@vodamail.co.za">nu@vodamail.co.za</a> (Vise-Voorsitter)	028 722 1852 082 577 2502
<b>Streek 9:</b> Dian (D M) Heyns, Posbus 918, Oudtshoorn, 6620 <a href="mailto:dian@hilbert.co.za">dian@hilbert.co.za</a>	044 272 3949 082 337 4211
<b>Streek 10:</b> Louis J Wessels, Posbus 333, Albertinia, 6695 <a href="mailto:louiswessels16@gmail.com">louiswessels16@gmail.com</a>	028 735 2204 082 410 9256
<b>Streek 11:</b> Francois D Conradie, Posbus 137, Laingsburg, 6900 <a href="mailto:fdconradie@roggeveld.co.za">fdconradie@roggeveld.co.za</a>	023 551181
<b>Streek 12:</b> Jaco van den Berg, Posbus 343, Murraysburg, 6995 <a href="mailto:jacovdberg@gmail.com">jacovdberg@gmail.com</a>	049 844 0129 082 806 5742

**Daar is nog twee vakante bestuursposte waarin lede genomineer moet word in die Clanwilliam en Swartland area. Indien u moontlik belangstel, kontak asseblief vir Elandri Neethling by 021 860 3801 of [elandri@awk.co.za](mailto:elandri@awk.co.za).**



Van links na regs: John Dürr, Theunis Van Eeden, Nico Uys (Vise-Voorsitter), Gert Aggenbach, Louis Wessels (Voorsitter), André Groenewald, Hano Dreyer, Dian Heyns, Jaco Van Den Berg, Francois Conradie.

---

---

## EKSPO'S EN SKOUER

---

---

Weens die Covid-19 inperkinge sal NAMPO KAAP 2020 te Bredasdorp hierdie jaar virtueel plaasvind op 'n uiters professionele platform en van wêreldklas gehalte. Besoek gerus Graan SA se webwerf vir meer inligting by [www.grainsa.co.za](http://www.grainsa.co.za).

Die 2020 Agri Livestock Expo by Sandringham in Oktober sal ook virtueel gehou word. Lede sal op hoogte gehou word soos datums verander of bevestig word. Besoek gerus die volgende webwerf vir meer inligting: <https://livestock.org.za/>



---

---

## VEEDIEFSTAL

---

---



Dit is kommerwekkend dat daar volgens veediefstaleenhede se terugvoering 'n neiging is dat veediefstalsake **nie by die SAPD aangemeld word nie**. Die Bestuur beklemtoon weer die noodsaaklikheid dat alle veediefstalsake dadelik gerapporteer moet word. Die SAPD se mannekrag en fasiliteite word daarvolgens aangewend. As daar te lank gesloer word om sake aan te meld, verminder dit die kans dat sake suksesvol opgelos kan word. Die misdaad toneel moet ook bewaar word totdat die ondersoekbeampte sy/haar ondersoek afgehandel het. Almal word gevra om paraat te wees vir vreemde besoekers of voertuie, veral in die nag, en dadelik op te tree indien onraad vermoed word.

Dit word weer herhaal dat diere ingevolge die Wet op die Identifisering van Diere (Wet 6 van 2002) met die **korrekte metodes gemerk moet word**. Vir u inligting verwys ons na die Veediefstalvoorkoming handleiding by die volgende skakel: <http://.stocktheft.co.za/wp-content/uploads/2017/07/veediefstalhandleiding-1.pdf>

Landbouverenigings word ook aangemoedig om goeie kontak met die streek se staatsaanklaers te handhaaf en die impak van veediefstal op 'n boerdery eenheid aan hulle te verduidelik. Vir u inligting word die nommers van die veediefstaleenhede weer herhaal, naamlik:

### BOU GOEIE VERHOUDINGS MET JOU PLAASLIKE SAPD EN MELD ALLE SAKE AAN.

**Beaufort-Wes:** (023) 414 8568  
**De Doorns:** (023) 356 4034  
**Faure:** (021) 900 2800  
**Malmesbury:** (022) 482 7021  
**Oudtshoorn:** (044) 203 9066  
**Swellendam:** (028) 514 8360

#### BYSTANDNOMMERS:

**Beaufort-Wes:** 082 469 7434  
**De Doorns:** 072 560 2404  
**Faure:** 082 339 7158  
**Malmesbury:** 082 469 7358  
**Oudtshoorn:** 082 469 7419  
**Swellendam:** 082 469 7324



**SOUTH AFRICAN  
POLICE SERVICE**



---

---

## PREDATOR MANAGEMENT FORUM (PMF)

---

---

RPOWK het saam met die NWKV en die Predasie Bestuursforum versoë gerig dat die gebruik van helikopters vir die jag van roofdiere ook in die Wes-Kaap gewettig moet word. Die Departement Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning en Cape Nature het die gebruik van helikopters goedgekeur.

Die verklaring deur Cape Nature soos volg:



### **HOLDING STATEMENT**

**Cape Town, 30 April 2020**

---

#### **Hunting Damage Causing Animals (DCA) with a helicopter**

The current condition to which a permit to hunt DCAs with the use of a helicopter, pertaining to the prerequisite that the validity of the permit is subject to the hunt forming part of an approved research project, has been withdrawn. This decision is in light of updated research and practices in this field, whilst encouraging prospective applicants to continue to contribute to the research of DCA management options.

Permits for hunting DCAs in terms of Western Cape Province's Nature Conservation Ordinance, will be subject, but not limited, to the following conditions:

1. A report / statistics of the hunt, as well as successes achieved during such a hunting method, must be made available to CapeNature by the applicant.
2. An applicant is a member of an agricultural association affiliated to Agri Western Cape or Agri SA.

**ENDS**

[Word Count: 145]

**Media Enquiries:**

Petro van Rhyn  
General Manager: Advocacy  
[pvrhyn@capenature.co.za](mailto:pvrhyn@capenature.co.za)

---

---

## STATUTÊRE HEFFING

---

---

Die nasionale Landboubemarkingsraad het goedgekeur dat die statutêre heffing vir die volgende twee jaar verleng word (Oktober 2022).

---

---

## RPO TYDSKRIF

---

---

Die RPO Tydskrif is nou buiten die gedrukte weergawe ook elektronies beskikbaar by:

<https://www.agricconnect.co.za/red-meat-digital-magazines/>

*Sterkte met u boerdery bedrywighede.*

Vriendelike groete,

*LJWessels*

Louis Wessels  
**SEKRETARIAAT: RPO WES-KAAP**